DIE SKOOL WAAR JY SAAKMAAK

#LEIPIES_JYMAAKSAAK

Leipie NUUSBRIEF

DIT IS HEERLIKE LENTE

22 SEPTEMBER 2023

BELANGRIKE DATUMS

(nuutste aangepaste datums)

22 September: Wetenskapweek
BOK-VRYDAG
23 September: Mini-Hokkie toernooi
24 September: ***Erfenisdag***
25 September: ***Skolevakansiedag***
26 September: Kultuurfees – Deon Groot optrede
Gr 5 Seuns/Dogters Immunisering
Sagtebal Semi-finaal o/11
Krieket vs Menlopark o/13A (weg)
27 September: Krieket vs Menlopark o/10B (weg)
o/9B (tuis)
Gr R Atletiek
28 September: Krieket vs Menlopark o/11A (weg)
o/11B (tuis)
Sagtebal Tshwane Kampioenskappe
Orators
Leerders dra SA/Provinsiale klere
29 September: **BOK-VRYDAG**
Skool sluit om 10:00
Heropen 10 Oktober 2023 om 7:30
Gr R-7 rapporte gaan uit

Skool sluit **Vrydag 29 September 2023 om 10:00** vir alle leerders vir die Oktober vakansie. Skool **heropen Dinsdag 10 Oktober 2023 om 7:30.** Ons wens al ons ouers, leerders en personeel 'n veilige en welverdiende rustyd toe.

VERSKAFFERS VAN SKOOLKLERE:
Maretha's – 012 660 1118
Karen Erasmus (Eduwear) Hoërskool Centurion
084 721 8701

BEMARKING:
Me Sarie v/d Merwe hanteer alle bemarking.
Kontak haar gerus per epos:
sarie.3v@louisleipoldt.co.za

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

Hy wat nooit sy opinies verander of sy foute korrigeer nie, sal nooit môre wyser wees as wat hy vandag is nie.

Tyron Edwards

LEERDER VERJAARSDAE

25-30 September 2023
Botha Stiaan, Fowler Anje, Pretorius Jaco, Rabie Louise, Rossouw Geohandrè, Schoeman Morne, Visagie Ané, Vorster Ethan, Lamprecht Tiana, Opperman Adrian, Van Jaarsveld Melanie, Henning Inge, Meintjes Duan, Van Zyl Jayden, Herbst Christopher, White Anya, Barnard Ewald, Croucamp Amory, Pretorius Alaina, Wepener Jayden.

LEERDERS WAT LAAT KOM:
Onderwysers neem tydens die registerperiode, 7:30 - 7:40 register. **Leeerders moet aanwesig wees in die registerperiode, anders word hy/sy afwesig gemerk.** Leerders wat laat kom, **moet deur ouers/voogde vergesel word en by die kantoor ingeteken word. Daar is steeds ouers wat leerders net aflaai wat laat is, u moet asb die leerders kom inteken.** Die leerder sal dan 'n briefie ontvang om aan die betrokke personeellid te toon. Indien 'n leerder vanweë geldige redes laat kom, bv. 'n doktersafspraak, moet u hom/haar steeds na die kantoor vergesel en inteken, asook die rede vir laat inteken verskaf.

VERLORE KLERE:
Leerders moet asb in die verlore goedere kas kom soek na verlore items. Ons vra ouers **om asb alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk,** dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word. Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie. Items wat nie opgeëis word nie, sal verkoop word.

Leipie NUUSBRIEF 2

SAGTEBAL: Uitspele o/11 wen
LANDLOOP: Atlete wat aan SA's deelgeneem het – Lea Bonnema 6de, Leandri v/d Bijl 21ste, Erich Horn 17de, Anje Fowler 22ste, JC v/d Bijl 59ste, Chanene Barnard 5de, Lee-Hane Mienie 3de, Elmar Kriel 68ste, Mattias Kielblock 28ste.
SKIET: Melissa Benade – Girls on Fire Top Shot Skietkompetisie – 3de plek Amateur Afdeling.
GIMNASTIEK: Kiara Grobbelaar – Tuimel, Atristiese gimnastiek Gauteng Noord Kleure, Goue medalje (1ste plek) algehele hoogste punte, Vloer 1ste plek, Balk 2de plek. Deur na Gauteng Kampioenskappe.
DANS: Renske Roux – IFAA Danskompetisie – kwalifiseer vir SA Finale in Hip Hop Solo en Duet.
Genna Claassen – IFAA Danskompetisie – kwalifiseer vir SA Finale in Hip Hop Solo, Duet en Modern.
CENTURION KUNSTEFEES: **Gr 5:** Anné Viljoen: Voordrag A+, Poetry A+. Colin Hertzog: Voordrag A, Poetry A. Elizabeth du Preez: Voordrag A++, Poetry A+. Ellie Hertz: Voordrag A+, Poetry A. Esmé Cilliers: Gedramatiseerde poësie A++, Prosa A+, Poetry A+. Genevieve Penwarden: Voordrag A, Poetry A. Herman Joubert: Voordrag A+. Illenay van der Westhuizen: Voordrag A+, Poetry A++. Morgan Heunis: Voordrag A. Ruan van Zyl: Voordrag A++, Poetry A++, Redevoering A+. **Musiek:** Erich Mocke: Klavier Studie A+ (Wenner), Klassieke tydperk A++ (Wenner), 20 ste Eeu A+, Barok tydperk A. Jurgens Nel: Tjello Barok tydperk A, 20 ste Eeu A+ (Wenner). **Gr 6:** Amiyah Davel: Voordrag A++, Samespraak A++, Mimiek A+, Poetry A+. Annebelle Kotzee: Voordrag A++, Samespraak A++, Onvoorbereide lees A, Poetry A++. Chanene Barnard: Redevoering A++, Voordrag A+, Poetry A+, Gedramatiseerde poësie A. Genna Claassen: Redevoering A++, Onvoorbereide lees A++, Voordrag A++, Poetry A+, Samespraak A++. Giselle Strydom: Voordrag A, Poetry A+. Igna Venter: Voordrag A++, Redevoering A++, Poetry A++. Jandré Appel: Poetry A++, Voordrag A+. Lee-Hané Mienie: Voordrag A++, Gedramatiseerde poësie A++, Monoloog A++, Onvoorbereide lees A++, Redevoering A++, Samespraak A++, Prosa A+, Poetry A++. **Gr 7:** Carmen Frisby: Voordrag A, Poetry A, Eliska Cruywagen: Voordrag A+, Jacques Cilliers: Voordrag A++ (Wenner), Samespraak A+, Poetry A+. Keelyn Oosthuizen: Voordrag A++, Poetry A+. Lara van der Poll: Voordrag A++, Poetry A, Klavier: Baroktydperk A, Klassieke tyd B+, Studie A, Snelstudie A+, 20ste Eeu B. Zani Nell: Redevoering: A++, Voordrag A+, Onvoorbereide lees A+, Samespraak A+, Poetry A+.
Groepe: Junior Koor A+, Woordspel Afr Huistaal Gr 4 – 6: A+

AFKONDIGINGS VIR LEERDERS:
Neem asb kennis dat wanneer u items by die skool vir u kind afgee, afkondigings slegs voor die twee pouses gemaak word. Dit kan dus gebeur dat die periode waarvoor items afgegee is, dan reeds verby is. U kind moet asb ook self by die kantoor kom hoor of benodigdhede afgegee is.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

D6 KOMMUNIKEERDER:
Ouers moet asb op die D6 kommunikeerder registreer. Volg asb die skakel wat aan elke ouer per sms/e-pos gestuur word. Volg asb die stappe om te registreer. Die toepassing word gebruik vir alle kommunikasie.
NB! Neem asb kennis dat ons u nie van die sms/e-pos kan verwyder nie omdat elke ouer aan 'n leerder se profiel gekoppel is. Indien 'n ouer versoek om nie sms'e/e-posse ivm D6 te ontvang nie, sal die ouer van die leerder se profiel verwyder moet word en u sal dus **GEEN** verdere inligting ivm u kind kan ontvang nie. Alle inligting ivm akademie, aktiwiteite, byeenkomste, afrigting word op D6 geplaas. **Lees asb gereeld die D6 boodskappe sodat u op hoogte is met die akademie en buitemuurse aktiwitieit.** D6 se korrespondensie gaan nie meer op die **WhatsApp-groepe herhaal word nie. Maak asb seker dat u op D6 geregistreer is.**